



# Wenke vir saamlees

Die meeste van ons het 'n bietjie hulp nodig wanneer ons vir die eerste keer saam met kinders lees. Hier is 'n paar wenke om dit vir almal wat betrokke is, meer genotvol te maak. Probeer een wenk op 'n slag en bepaal watter die beste vir jou en jou kinders werk.

## Geniet dit

Die belangrikste ding is dat julle moet ontspan en julleself geniet. Sodoende sal jou kinders leer dat lees lekker en interessant is.

## Maak beurte om boeke te kies

Laat jou kinders soms die boeke kies wat hulle wil hê jy moet lees. Ander kere kan julle saam besluit oor die boeke om te kies en kan jy 'n paar voorstel wat jy dink hulle belangstelling sal prikkel.

## Tydsberekening is belangrik

Kies 'n tyd wanneer dit vir jou kinders maklik is om rustig te wees. Dit kan na badtyd wees, of net voor hulle vir die middag of aand gaan slaap.

## Moet dit nie oordoen nie

Hou saamlees-sessies kort. Jonger kinders vind dit moeilik om vir lang tye te konsentreer. As jou kinders rusteloos raak of belangstelling verloor, hou op lees en probeer later of die volgende dag weer.

## Moenie die omslag oorslaan nie

Lees die titel van die boek en die name van die outeur en illustreerder elke keer as jy vir jou kinders 'n boek lees. Sodoende besef hulle dat regte mense stories skep. Laat hulle speurder speel met die nuwe boek en die leidrade op die omslag gebruik om te raai waaroor die boek gaan.

## Vra vrae

Vra jou kinders vrae oor die storie terwyl jy lees. 'Wat dink jy gaan volgende gebeur?' is 'n goeie vraag om kinders se voorspellingsvaardighede te ontwikkel. Hierdie is 'n baie belangrike geletterdheidsvaardigheid.

## Lees dit oor... en oor!

As jou kinders vra om dieselfde storie weer te lees, doen dit! Hulle ontdek elke keer as jy dit lees, nuwe elemente in die storie.

## Deelname

Namate jou kinders meer vertrouwd raak met die storie, of wanneer ouer kinders leer lees, vra hulle om jou te help om die storie te lees. Jonger kinders hou soms daarvan om dele van 'n bekende storie op te sê – veral as die woorde rym of as 'n frase herhaal word. Lees saam met ouer kinders terwyl hulle probeer om die woorde op die bladsy te lees deur na die woorde te wys terwyl jy lees.

## Moenie ophou nie

Saamlees is nie net vir jonger kinders nie. Jy hoef nie op te hou om vir hulle te lees sodra hulle self kan lees nie! Kies moeiliker en meer komplekse boeke as dié wat hulle op hul eie kan lees.

